MIKRO
WERK EN SKEP

# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

1972-2022 50 Mikro

3/2022

1 Februarie 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Gister het die Provinsiale Minister van Onderwys, me. Debbie Schäfer en ander departementele amptenare ons skool besoek. ‘n Storieskryfkompetisie (“Story Stars”) wat deur die Minister vir graad 4-leerders in die Wes-Kaap aangebied word, was die rede vir haar besoek. Verlede jaar het Xia du Toit (gr 4.4 in 2021) die kompetisie gewen. ‘n Boekie is uitgegee waarin Xia se storie vervat is en ‘n video van die storie is gemaak waarin Xia se gesig ook verskyn. Ons is baie trots op haar en glo dit is dalk die begin van ‘n skryfloopbaan vir Xia. Sy het ‘n geskenkpak gewen en die skool het R10 000 gewen. Hierdie geld gaan in ons skool se biblioteek aangewend word. Ons was ook baie trots oor hoe netjies ons skool vertoon het vir die Minister se besoek.

Op 4 April 2022 open Mikro se eie Nasorg. Komende Saterdag, 5 Februarie 2022, word nasorgposte, wat gevul moet word, in die media geadverteer. Belangstellendes kan aansoek doen volgens die inligting en prosedures wat op die advertensie verskyn.

Baie dankie aan alle ouers wat die onderskeie grade se inligtingsaande sover bygewoon het. Ons vertrou dat die inligting wat ons vir u deurgee, sinvol is en dat elke kind daardeur bevoordeel sal word.

### BELANGRIKE DATUMS

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdag, 1 Februarie 2022 | : | Gr. 5-Inligtingsessie om 19:00 |
| Woensdag, 2 Februarie 2022 | : | Engels Eerste Taal<br>Graad 4- en nuwe leerders<br>Graad 5- tot 7-Inligtingsessie om 19:00 |
| Vrydag, 4 Februarie 2022 –<br>Saterdag, 5 Februarie 2022 | : | Gr. 4-Studiekursus |

## 2. COVID-REGULASIES

Neem asseblief kennis van die volgende reëlings wat vanaf môre, 2 Februarie 2022, geld:

- U hoef nie meer ‘n siftingsbriefie saam met u kind skool toe te stuur nie
- Die meting van temperatuur en sanitering sal steeds by die skool plaasvind
- Ouers mag ook sportoefeninge bywoon
- Ons is bewus van aankondigings wat gister gemaak is rakende die wysiging van COVID-regulasies vir skole, maar verdere aanpassings sal slegs kan geskied wanneer ons amptelike inligting hieroor van die onderwsydepartement ontvang het.

## 3. MIKRO DRAAIHEKKE

Die grasietydperk vir ons Gr.R- en Gr.1-ouers om hul kinders tot by die rye te vergesel eindig vandag. Vanaf môre, Woensdag, 2 Februarie 2022, sal die draaihekke in die oggende slegs inkomend gestel wees en in die middae slegs uitgaande.

Hektye:

| | Hek | Oggend: Slegs inkomend | Middag: Slegs uitgaande |
|---|---|---|---|
| 1. | Spruitstraat: (Hoofdraaihek) | 06:00 – 07:50 | 13:00 – 18:30 |
| 2. | Spruitstraat: (Gr.R) | 06:00 – 07:50 | 12:30 – 17:00 |
| 3. | Diedrikkiestraat | 06:00 – 07:50 | 12:30 – 17:00 |
| 4. | Sonnemeisiestraat | 06:00 – 07:50 | 13:00 – 17:00 |

Sport:
Wanneer leerders in die middae huis toe gaan om te verklee vir sport sal hulle die voetgangerhekkie voor die skool, by Wag-'n-Bietjie, moet gebruik om weer die terrein te betree.

## 4. PARKERING – DIEDRIKKIESTRAAT

Daar is daagliks leerders wat laat aanmeld vir klas weens 'n verkeersprobleem by Diedrikkiestraat se sirkel. Ons rig 'n versoek dat u die sirkel as 'n groet-en-ry sone sal sien en nie in die sirkel sal parkeer nie. By voorbaat dankie aan al ons ouers wat hul bes sal doen om die verkeer by Diedrikkiestraat te laat vloei.

## 5. SKOOLBANKE

Baie dankie aan al die ouers wat die skool ondersteun het deur 'n bank te borg vir die aankoop van nuwe skoolbanke. Ons wil ouers wat 'n bank / banke geborg het die geleentheid gee om 'n ou skoolbank te kom kies as geskenk. U hoef net u borgskap se bewys van betaling skool toe te bring en ons sal u help om 'n bank te gaan uitkies. Enige verdere skenkings is welkom en dieselfde prosedure sal gevolg word. Die borgskap bedrag beloop R700 en daar sal ook 'n Karri betalingsopsie hiervoor oopgemaak word.

## 6. PENVEERFEES

PENVEERFEES

Ons is baie opgewonde oor ons eerste PENVEERFEES op 26 Februarie 2022.

Die Musiekfees en Karnavalritte beloof om `n familiefees propvol pret te wees!! Hou ons Facebook en Instagram dop!!!! Verskeie kosstalletjies sal sorg vir heerlike eet– en drinkgoed.

**KAARTJIEVERKOPE het reeds geopen.** Ouers en leerders van Laerskool Mikro kan begin om kaartjies (kontant/kredietkaart/EFT) direk by die skool te koop.

**FEES 50-AANDEKINGS:**
Te koop by die skool tot en met Donderdag, 29 September 2022.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Liniaal | R10 | "Pop socket" | R15 |
| Waterbottel | R40 | "Buff" | R80 |
| Koelsakkie | R150 | Wyn R100/bottel met feesembleem | |




**VOLTOOI DIE STROKIE EN STUUR SKOOL TOE SAAM MET KONTANT/ BEWYS VAN**

**BETALING**
**Betalings kan as volg geskied:**
**EFT:** Stuur bewys van betaling (**harde kopie**) skool toe as bewys van betaling + strokie
**KARRI:** Betalings kan dwarsdeur die jaar gedoen word - stuur strokie skool toe
**KONTANT:** Stuur die korrekte bedrag in `n gemerkte koevert + strokie

## 7. <u>WEDSTRYDBEPALINGS:</u> WEEK 3 – 1 tot 5 FEBRUARIE 2022

### <u>KRIEKET O/10 - O/13:</u>

***Woensdag, 2 Februarie***
O/11B teen Brackenfell **(Brackenfell kanselleer)**
O/11A teen Curro Durbanville by Mikro om 15:00



***Donderdag, 3 Februarie***
O/13B teen Vredekloof by Mikro om 15:00
O/13A teen Gene Louw by Mikro om 15:00

***Saterdag, 5 Februarie***
O/13A Mikro (tuis) teen Worcester-Noord om 09:00
O/13B Mikro (weg) teen Worcester-Noord om 09:00

O/11A Mikro (weg) teen Worcester-Noord om 09:00
O/11B Mikro (tuis) teen Worcester-Noord om 09:00



### <u>MINI-KRIEKET O/7 - O/9:</u>

***Donderdag, 3 Februarie***
***(Alle spanne speel weg om 15:00)***

O/8B Mikro teen Curro Durbanville
O/9B Mikro teen Curro Durbanville

O/8A Mikro teen Curro Durbanville
O/9A Mikro teen Curro Durbanville

### <u>TENNIS:</u>
***Woensdag, 2 Februarie***

O/11B Seuns Mikro vs Kenridge by Mikro om 14:45

O/14B Dogters Mikro vs Bastion by Bastion om 15:00

O/14A Dogters Mikro vs Kenridge by Mikro om 14:45



### <u>ATLETIEK:</u>
***Dinsdag, 1 Februarie***

Atletiek te Somerset-Wes Primêr.  Atlete wat deelneem, het reeds briewe ontvang.

- ***HIERDIE PROGRAM IS ONDERHEWIG AAN VERANDERINGE / KANSELLASIES***

Voorspoed aan almal vir die week.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET
VUMA






## Laerskool Mikro sê Baie Dankie!

Antoinette Eiendomme:
Borg van die Krieketklere vir hierdie seisoen.

ANTOINETTE estates | eiendomme
Office 021 903 0160 | Mobile 084 778 4444 | Email sean@antoinetteestates.co.za
Contact us for all your property related services!

Ipic Soneike:
Borgskap ten bate van die PENVEERFEES van die Krieketklere vir hierdie seisoen.

**LET WEL!! GEEN BUITEMUURS**
**Donderdag, 10 Februarie:**

Daar sal op Donderdag, 10 Februarie **geen** buitemuurse aktiwiteite plaasvind nie. Dit is weens die Prestige Atletiekbyeenkoms wat Laerskool Mikro aanbied en alle personeel is betrokke as beamptes.

## OWO – KLEREKAS



Die OWO-klerekas sal op die volgende datums en tye beskikbaar wees vir die aankoop van TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE.

| | |
|---|---|
| Dinsdag, 1 Februarie 2022 | vanaf 17:00 – 19:00 |
| Dinsdag, 1 Maart 2022 | vanaf 17:00 – 19:00 |
| Dinsdag, 5 April 2022 | vanaf 17:00 – 19:00 |

Skenkings kan ook asseblief op hierdie datums afgegee word.

MAAK ASB. VAN DIEDRIKKIESTRAAT-INGANG GEBRUIK.

Vir enige navrae kontak gerus vir Malanie Otto 084 359 4007

Tel: (021) 903 5101 : www.elto-towers.co.za




### *Kontant Terug Persentasies*

| | |
|---|---|
| Caltex Vulstasie | 10c per liter kontant terug |
| Kroonplaas Restaurant | 2% |
| Patriot Koffie | 5% |
| Caresso Karwas | 5% |
| OK Foods/Liquor | 1% |

**Van Riebeeckweg 2**
**KUILSRIVIER**
**7580**

**Tel: (021) 903 5101 : www.elto-towers.co.za**